

'n Biografiese Analise van Krygsvernuif tydens die Anglo-Boereoorlog

Leopold Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as Veldheer*

Protea Boekhuis, Pretoria, 2003

375 pp

Kaarte, Bronnelys, Register

ISBN 1-919825-26-6

R199.95

Vir diegene wat in die Anglo-Boereoorlog belangstel, is hierdie boek beslis 'n moet. Dr. Leopold Scholtz gaan met 'n fyn analitiese kam deur generaal Christiaan De Wet se optrede en veldtogte tydens die Anglo-Boereoorlog. Na meer as 'n eeu is De Wet die veldheer uiteindelik vasgevang – nie in 'n Britse dryfjag nie, maar in 'n boek deur 'n Afrikaanse historikus.

In sy oorspronklike vorm was die boek Scholtz se akademiese proefskrif. Dit is egter ingrypend hersien en verkort om dit meer leesbaar en toeganklik te maak. As sodanig sal dit nie net die ernstige historikus nie, maar ook die ingeligte leek vasgenaël, en in detail op De Wet se spoor hou. 'n Blote heldeverering is die boek nie. Soos tereg in die voorwoord gestel, word De Wet die veldheer se suksesse en mislukkings feitelik gestaaf en deurlopend aan die hand van die eise van die krygswetenskap getoets.

Die boek begin met 'n kort historiese agtergrond van De Wet, waarna sy meteoriese opgang, van 'n gewone burger aan die begin van die oorlog tot Hoofkommandant en Opperbevelvoerder van die Vrystaatse magte in April 1900, bespreek word. Anders as sy teenstanders het De Wet geen teoretiese opleiding in krygskuns gehad nie. Ten spyte daarvan dat hy 'n uitstekende taktikus was, is sy eerste maande van bevel deur verskeie taktiese en oordeelsfoute gekenmerk – foute wat die uiteindelige uitkoms van die oorlog beïnvloed het. Só het hy byvoorbeeld te laat die waarde van die spoorlyn as Britse verbindings- en voorraadlyn besef. In plaas daarvan dat hy na die inname van Bloemfontein daarop gekonsentreer het om die voorraadlyn te verbreek, het hy groter waarde aan gebiedsvoordeel geheg. Dit het die Britse magte waardevolle tyd gegun om hulle getalle en voorrade deur middel van die spoorlyn in die Vrystaat op te bou. De Wet het nietemin as taktikus verbeter namate hy praktiese ondervinding opgedoen het.

Sy groot waarde as krygshere lê verder in die invloed wat hy onder die burgers gehad het. Na die val van Bloemfontein het die Boeremagte se moraal aansienlik gekwyn. Deur skitterende oorwinnings by onder meer Sannaspos en Mostertshoek, kon De Wet die Boere se strydslus weer grootliks aanwakker. Oral waar hy gegaan het, het talle Boere wat die oorlogspoging versaak het, hulle opnuut by die Boeremagte aangesluit.

In teenstelling met sy Transvaalse eweknie, generaal Louis Botha, het De Wet nie in konvensionele oorlogvoering geglo nie. Sy sterktepunt het in mobiele oorlogvoering gelê – die enigste tipe oorlogvoering wat sin teen die geweldige Britse getalloorwig gemaak het. Die spoed waarmee sy magte kon beweeg, het selfs onder die Britse magte bewondering vir De Wet uitgelok. Sy veg-en-vlugtaktiek was só suksesvol dat lord Roberts twee dryfjagte van stapel gestuur het om hom aan te keer. Beide was onsuksesvol en De Wet kon die Britte tot en met die einde van die oorlog suksesvol ontwyk.

Reviews

Een van De Wet se grootste tekortkominge as krygsheer was sy eiesinnigheid. Deur sy weiering om met generaal Botha saam te werk, het daar niks van Oktober 1900 se republikeinse plan vir 'n gesamentlike inval in die Kaapkolonie gekom nie. De Wet het die Kolonie op sy eie ingeval, maar sy poging het op 'n mislukking uitgeloop. Hiermee het De Wet die Boererepublieke se kans om die oorlog gunstig te beëindig, in die wiele gery. De Wet se tweede inval in die Kaapkolonie word as die grootste taktiese sukses van sy loopbaan beskou. Sy sukses lê spesifiek in sy ontwyking van die Britte op sy tog na die Kaapkolonie. Alhoewel hy die vyand keer op keer om die bos kon lei, laat De Wet se waarde as strateeg veel te wense oor.

Hoe dit ookal sy, deur sy volharding en geloof in die republikeinse stryd, het De Wet, saam met die ander bittereinders, daartoe bygedra dat die Anglo-Boereoorlog langer as verwag voortgesit is. Hierdie feit het daartoe bygedra dat die Boereleiers uiteindelik meer gunstige vredesvoorwaardes met die Britte kon beding.

De Wet se dapperheid en meesterlike ontwykingstaktieke het dwarsoor die wêreld die verbeelding van mense aangegryp. Tydens en na die oorlog is hy deur baie mense tot 'n byna mitiese held verhef. Deur sy saaklike, wetenskaplike benadering slaag Scholtz daarin om De Wet die mens weer te voorskyn te bring. In dié sobere lig blyk dit dat die generaal net so feilbaar soos enige ander mens was.

Louis A. Changuion
Argief
Universiteit van Pretoria